

2 November

Skrifgedeelte: Genesis 1

Fokusgedeelte: Genesis 1:1

God stig in sy grootheid met ons 'n verhouding van persoonlike gemeenskap

Met die heel eerste woorde van God se Selfopenbaring kom staan Hy in almag en grootheid in ons gesigveld. Wie gelowig kyk, sien nie hemel en aarde nie, maar vir God: soewerein en vrymagtig. Sonder dat iets dit veroorsaak of beveel het, tree God op. Hy doen dit in absolute vryheid. God skep 'n begin – voorheen was net God daar, van ewigheid af, onmeetbaar. Daar was niks anders nie. Uit niks kom met die stelling van een sin, die hemel en aarde tot stand. God wou dit skep, Hy het uit niks die heelal geskep.

God tree op en daar is geen teenstand nie – alles is skepsel en soos klei in sy hand om te formeer en lewend te maak. Die onbewoonbaarheid en die duisternis word met sy Woord geskik en georden om lewe te onderhou. Dan gee Hy lewe. God kondig Homself aan as Skepper, Bron van alles, Lewegewer. Voor Hom is alles ondergeskik, want dit is maaksel en Hy die Skeppergod. Tog is alles goed en diensbaar aan Hom. Dit is aan Hom gebind in afhanklikheid: daar is 'n verhouding tussen God en sy skepping, maar geen inisiatief vanuit die skepping nie. God neem alle inisiatief.

In ses skeppingsdae loop God se vrymag uit op die skepping van alle dinge, uiteindelik die mens as kroon van die skepping. Verhouding tussen Skepper en skepsel word persoonlike gemeenskap met die mens, ons. Die grote God stel Homself in sy Godheid as Vader oor sy mensdom, maak in persoonlike liefde bemoeienis met die ondergeskikte. Hoe klein moet ons nie wees wanneer ons besef dat selfs ons sonde en dwaling nie sy liefde laat verdwyn het nie.

Dit vlam op in 'n onbegryplike offer wanneer Hy sy Eniggebore Seun gee sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe kan hê. Die Seun is die Lig vir die wêreld – Hy verlig ons. Deur die leiding van sy Gees leef ons in persoonlike gemeenskap met God. Ons leef in afwagting op die dag van die nuwe hemel en die nuwe aarde, wanneer ons in sy volle lig sal wees.

As elkeen van ons maar net bo alles die koninkryk van die hemel en God se wil gesoek het ... Hoe sou God se grootheid nie geskyn het nie, hoe sou ons nie in die wêreld sý lig laat skyn het nie. Hoe duidelik sou die kerk dan nie geblyk het sy liggaam te wees nie!

Sing: Psalm 97:1, 4 (1936); Psalm 97:1, 2, 4 (2001); Skrifberyming 2-2:1

Ds. J (Jan) Malan (Burgersdorp)